

23



GRATIS

Des.
2021

Goeie Nuus Good News

NOU REEDS 23 JAAR OUD!

AANLYN-UITGAWE
ONLINE EDITION

Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Tel: (018) 293 1996
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant -
Good News Newspaper



DIE GEES VAN KERSFEES



KERSFEES, Goeie Vrydag, Hemelvaart en Pinksterfees is groot kerklike feesdae; elkeen met sy eie karakter en boodskap aan die mens. Van hierdie feeste is Kersfees seker die gewildste.

Oud en jonk sien uit na Kersfees. Die siekes verwag op dié dag iets besonders. Dit is asof daar nuwe hoop in hulle harte opvlam. Die oues van dae moet onthou en gelukkig gemaak word. Baie probeer om op hierdie dag geluk rondom hulle te saai.

In baie harte word nuwe voornemens gekoester, maar as Kersfees werklik vir ons iets beteken, behoort ons die hele jaar deur die Kersfeesgees uit te leef. Dit sal ons slegs kan doen as ons in die gees neerkniel voor die Kindjie van Betlehem en Hom die goud, wierook en mirre van ons hart en lewe gee; as ons Hom erken en huldig, nie alleen as die Koning van die Jode nie, maar ook as ons Koning. Wat is die gees van Kersfees?

DIT IS 'N GEES VAN LOF

Die liedere van Sagaria, Maria, Elisabet en Simeon was almal *lofliedere*. Ook die engelelied was een van *lof* en eer aan God. Ook ons lewens moet meer van 'n *loflied* wees as ons dink aan alles wat God aan ons deur sy Seun gegee het!

DIT IS 'N GEES VAN BLYDSKAP

Die engele het gesê: "Kyk, ons bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees..." Christus het gesê dat Sy blydskap in ons volkomme moet word. Ons moet Kersfees vier met vreugde en blydskap, omdat daar vir ons persoonlik 'n Saligmaker gebore is. Ons het geen reg om ons te verbly oor Kersfees as ons nie die geestelike betekenis daarvan aanvaar en Jesus aanneem as ons Verlosser nie!

DIT IS 'N GEES VAN HULDE EN AANBIDDING

Die skaapherders uit die velde van Betlehem, die wyse manne uit die Ooste, die heiliges, het aan Jesus hulde gebring en Hom aanbid. En ons? Is daar nie dalk by ons 'n gees van ligsinnige pret en plesier op Kersdag nie? En as ons bid, VRA ons nie maar net nie? Daar is 'n groot verskil tussen bid en aanbid. Daar moet by ons wees 'n gees van hulde en aanbidding in heilige eerbied en dit kan ons alleen besit as ons Hom liefhet: as ons Hom ken as Immanuel - God met ons.

DIT IS 'N GEES VAN GEE

God het met Kersfees aan ons Sy beste, Sy Eniggebore Seun gegee, en ons gee ook met Kerstdag geskenke aan mekaar. Maar gee ons aan God? Wat gee ons aan Hom? Gee ons ons beste? Ons lewens? Laat ons 'n gees van gee uitleef! Die gee van ons beste, onself, ons talente, ons tyd, ons gawes, ons diens en ons liefde, omdat ons God se onuitspreeklike Gawe ontvang het!

DIT IS 'N GEES VAN VREDE

Hy is die Vredelopers. Die engele sing: "Vrede op aarde." Laat ons vrede leef en vrede saai. Wees op u hoede; moet nooit kwaad, rusie, twis of agterdog saai met u woorde nie. Hy, die Vredelopers, sê Self: "Salig is die vredemakers, want hulle sal God sien."

DIT IS 'N GEES VAN LIEFDE

"Want so lief het God die wêreld gehad..." God het die mens só liefgehad. God het Sy liefde bewys deur Sy Seun te gee. Christus het Sy liefde bewys deur Homself, Sy lewe, te gee. Hoe bewys ons ons liefde?

Christus het gesê, "Dit is My gebod dat julle mekaar moet liefhe. Dit gebied Ek julle, dat julle mekaar moet liefhe. Hieraan sal die wêreld weet dat julle My kinders is, as julle liefde het onder mekaar." Hoe is dit met die bewys van ons liefde gesteld? Die toets van ons liefde vir Christus lê daarin of ons Sy gebod gehoorsaam en liefde onder mekaar het!

-Oorgeneem

The Star in God's Window

One night, a man and his small son were walking slowly down the streets of a large American city. The child was delighted to see the many service stars hanging in the windows of homes - each star proudly proclaiming the fact that a son was in the service of his country. He clapped his hands excitedly as he approached each new star and was duly impressed by those homes with more than one star in the window.

Finally they came to a wide gap between houses, through which the black velvet of the sky was clearly discernible, with the evening star shining brightly. "Oh look, Daddy" cried the little boy, "God must have given His Son, for He has a star in His window!"

-Harry Lauder



Fébé

"Ek beveel by julle aan ons suster Fébé, wat 'n dienares is van die gemeente in Kenchréë, dat julle haar ontvang in die Here, soos dit die heiliges betaam, en haar bystaan in elke saak waarin sy julle nodig mag hê. Want sy was vir baie 'n beskermster en ook vir my" (Romeine 16:1-2).

Die naam Fébé in Grieks beteken **rein, stralend, helder**. Die naam word afgelei vanuit die Griekse mitologie, en dit was ook die naam van 'n Griekse god.

Paulus het egter nie haar naam verander nie, maar 'n Christelike inhoud daaraan gegee. Nadat sy haar lewe aan Jesus Christus oorgegee het, was sy waar sy ook al beweeg het, 'n rein, helder, stralende gelowige en het vir Christus Jesus geskyn!

Die woord "**dienares**" kom van die Griekse woord **diakonos** wat deurgaans in die Nuwe Testament vertaal word met "**diaken**" of "**dienaar**". Die begrip sny egter ver wyer as om bloot net te verwys na die diakens wat in die eerste gemeente aan arm gelo-

wiges voedsel uitgedeel het. Die woord kan manlik of vroulik wees - **dienaar** of **dienares**.

'n Dienaar of dienares kon menigvuldige funksies vervul as helpers in die Kerk of in 'n gemeente. Hulle kon omsien na siekes, armes, martelare versorg, mense in die gevangenis besoek en kinders in die Sondagskool leer. Hulle kon ook mense bystaan by doopgeleenthede, sorg vir die nagmaaltafel, bid vir mense wat in nood verkeer het, en ook menige ander pligte in die gemeente vervul het. **Hulle was dienaars!**

Paulus kon selfs hierdie getroue dienares gebruik om sy belangrike Sendbrief na die gemeente in Rome te neem. Sy moes in Korinte op 'n seilskip klim, wat eintlik baie gevaelik was, en oorvaar na Rome om hierdie belangrike missie te voltooi. Onthou, Paulus was ten tye van hierdie geleentheid nog nie self in Rome nie, maar hy skryf aan die gemeente daar dat hy 'n besoek aan hulle sou bring. Sy sou sy Sendbrief aan hulle neem en gemeentenuus na hom terugbring.

Haar reis was van Kenchréë aan die ooskus van Korinte, ongeveer 10 tot 12 kilometer ver oor die see na Rome, die wêreld se hoofstad. Dit was by alles 'n gevaelige tussenheid tussen heidense afgode. Dus baie gevaelik vir 'n enkele vrou. Renan skryf só hieroor: "Phoebe carried under the folds of her robe the whole future of Christian theology." En Vincent skryf: "Paul sent the letter (no carbon copy) with this woman over the long and dangerous journey to Rome. God's watchful care was over both the bearer and the letter."

Fébé was waarlik 'n **diakonos** - 'n **dienares**. 'n Vertroueling. Sy was 'n getroue dienares van die gemeente in Kenchréë. Treffend was ook die feit dat sy 'n welvarende vrou was. Dit kan afgelei word uit haar beskrywing in die Skrif. Met haar invloedryke posisie en al haar middele het sy huis die gemeente se vooruitgang asook die uitbreiding van die Evangelie gedien. Haar invloedryke posisie en finansiële middele het haar nie hoogmoedig of onbetrokke gemaak nie, maar huis **diensbaar**. Daarom het sy Paulus

ook finansiële ondersteun.

Interessanter is dat ons kennis neem dat Paulus self ook 'n "**dienaar**" genoem is. So ook van die ander gemeenteledere. Selfs Jesus Christus is 'n "**Dienaar**" genoem. En so behoort elke gelowige, ook ek en jy, 'n **dienaar** te wees in die Kerk van Jesus Christus.

Jesus Christus sê ons is die sout van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer as om buite gegooi te word en deur die mense vertrap te word nie. Het jou en my optrede as **Christendienares** dalk al laf geword?

Jesus sê vir ons in Matt. 5:14 "Julle is die lig van die wêreld." In die eerste plek is Hy die LIG van die wêreld. Maar Hy noem Sy "**dienares**" - elke volgeling van Hom ook "...die lig van die wêreld". Hoe helder skyn ons as "**dienares**" van Hom se lig in 'n al donker wordende wêreld?

© Dr. JJ Venter

Vandag
sal ek opstaan
en na my Vader
gaan
dat Hy my kan beklee
met 'n nuwe kleed
van vrymoedigheid
en ywer
en liefde...

Ek sal die peule
van selfbejammering
en neerlaag
van ingekeerdheid
en onbetrokkenheid
wegwerp
want my tranesaad
het vermenigvuldig
tot 'n ongekende oes
van Goddelike vreugde...

En Sy liefde
sal soos 'n rein tulband
my hoof oordek
my liggaam drapeer
en my voete gewillig maak
om Sy verlossingswerk
te proklameer...
© Huegene Venter

Van Krip tot Kruis tot Koningskap


Jesus het as 'n gewone baba in die wêreld gekom. Hy is in 'n stal gebore en Sy wiegie was 'n krip. Hy was, net soos enige ander mens, onderworpe aan die gang van tyd en moes, net soos alle ander kinders, na Sy ouers luister.

Hy het in die Romeinse provinsie Judea grootgeword, en Sy Hande het hard en sterk geword in skrynwerker Josef se winkel. As mens het Hy van plek tot plek geloop, mense aangeraak en met skares gepraat.

Hy het twaalf dissipels opgelei om Sy werk later voort te sit. Op elke tree van Sy lewenspad is Hy gekonfronteer deur misverstand en mense wat Hom wou verhinder om met Sy Vader se werk voort te gaan; mense wat Sy invloed vir altyd wou uitwis.

Uiteindelik het hulle so ver gegaan om Hom vanuit Joodse godsdiestige hoek valslik van misdrywe te beskuldig. Hy is verhoor en ter dood veroordeel; Hy is soos 'n gewone misdaadiger deur Romeinse soldate tereggestel. So het Hy dan ook gesterf, nadat Hy mishandel is. Ja, Jesus, wat volkome God én volkome mens was, het Sy lewe gegee sodat die mens kan lewe.

Op die tyd wat God daarvoor bestem het, sal die




opgestane Jesus terugkeer na die aarde. Dan sal almal weet en erken dat Hy Here van die heelal is!

Almal wat Hom liefhet, sal juig! Hulle sal die Verlosser met sang en lofprysing begroet. Sy vyande sal egter van vrees bewe. Hulle sal, onder die vaandel van die Bose, teen Christus en Sy leërs optrek - maar hulle sal gou uit vind dat niemand teen die oordeel van God staande kan bly nie. Christus sal die veldslag final wen en vir ewig as die erkende Oorwinnaar heers! Jesus, die nederige diensknege wat soveel moes ly, is ook die verheerlike Koning en Regter!

[Die Bybel in Praktyk, CUM, 1993].

BOETELEDIPELE - GO NNA MODISA JAAKA JESU

(Leadership - To be a Shepherd like Jesus)



TEMANA

"Ke nna modisa yo o molemo; modisa yo o molemo o beela dinku bophelo jwa gagwe" (JOHANE 10:11).

MOKGWA WA MODISA, NGK KEVIN LEMAN le WILLIAM PENTAK - <https://oiipdf.com/the-way-of-the-shepherd> Translated in Setswana:

- 1. Itse boemo jwa letsomane la gago.
- a. Tlhokomela kemo ya batho ba gago le kemo ya tiro ya bone.
- b. Itse letsomane la gago, nku e nngwe le e nngwe ka nako.
- c. Buisana le batho ba gago ka gale, ka tlhomamo.
- d. Nna o butse matlho le ditsebe, botsa dipotso mme dira go tsamaisana le seo.
- 2. Ribolola sebolepego sa dinku tsa gago.
- a. Dinku tse o di tlhophang go nna karolo ya letsomane go ka tokafatsa talobolaodi jwa gago go nna botoka kgotsa thata go feta.
- b. Simolola ka dinku tse di itekanetseng, fa o sa dire jalo o amogela mathata a motho yo mongwe.
- c. Itse SEBOPEGO / SHAPE sa dinku tsa gago mme tlhomamisa gore di siame.
- i. S Strength, / Maatla - Dira mme dirisa ka go lebelala maatla a a leng teng.
- ii. H Heart, / Pelo - pelo ya gago e bontsha PHISEGO ya gago.
- iii. A: Attitude, / Boitshwaro - nna le boitshwaro jwa morutwana, dula o le posetifi, mowa wa gore re ka kgon, motshameki wa setlhophha.
- iv. P: Personality, / Seriti - bayabatho mo maemong a a tsamaisanang mme a a bontshang seriti sa bone.
- v. E: Experiences, / Maitemogelo - dirisa maitemogelo le kumo ya maitemogelo a bone.
- 3. Thusa dinku tsa gago gore di lemoge gore o mang mme o batla eng.
- a. Aga tshepo mo balateding ba gago ka go aga botshepegi, tshiamo le bopelotele.
- b. Baya maemo a a leng kwa godimo a tiro le tiragatso.
- c. Thaeletsana tlhokego ya gago le toro ya gago ya dingwaelo le temogo ya maike misetso a gago gantsi le ka tlhamalalo.
- d. Thalosetsa tsela le tiro ya batho ba gago mme o ba itsise sentle gore ba tlhokega kae.
- e. Gakologela thata gore boeteledipele ga se fela boithutelo mme ke tirisanommogo ya sebele.
- 4. Tshokomela gore mafulu a lona e bolokesegile.
- a. Tlhokomela gore batho ba gago nako yotlhe ba itse tshedimosetso yotlhe.
- b. Agelela kitso ya gore tiro e nngwe le e nngwe e botlhokwa mme e na le mosola.
- c. Dinku tse di tlisang mathata nako yotlhe o tshwanetse go di ntsha mo letsomaneng.
- d. Dikolosa dinku ka metla go ya kwa mafulong a matalana.
- e. Thomamisetsa dinku tsa gago gore o teng mme ba bolokesegile.
- f. Se lettelele mathata gore a nne le nako ya go gola.
- 5. Thobane ya kgweetsa le go kaela tsela.
- a. Itse kwa o jang teng, ya kwa pele mme dira gore letsomane le dule le etelela pele.



HE ENTERED THE WORLD... AND WILL SOON RETURN!

With tiny wrinkles and cries, He entered the world and, wrapped in strips of cloth, took His first nap on a bed of straw. Subject to time and to parents, He grew to manhood in Roman-occupied Judea, His gentle hands becoming strong and calloused in Joseph's woodworking shop.

As a man, He walked through the countryside and city, touching individuals, preaching to crowds, and training 12 men to carry on His work. At every step He was hounded by those seeking to rid the world of His influence.

Finally, falsely accused and tried, He was condemned to a disgraceful execution by foreign hands. And He died - spat upon, cursed, pierced by nails, and hung heavenward for all to deride, **JESUS, the God-man, gave His life completely so that all might live!**

At God's appointed time, the risen and ascended **LORD JESUS** will burst onto the world scene. Then everyone will know that **JESUS** is **LORD** of the Universe! Those who

love Him will rejoice, greeting their Saviour with hearts overflowing with songs of praise! But His enemies will be filled with fear. Allied with Satan, the enemies of Christ will marshal their legions against Christ and His armies. But who can withstand God's wrath? Christ will win the battle and reign victorious forever! **JESUS**, the humble suffering Servant, is also the powerful, conquering King and Judge!

Revelation is a Book of Hope. John, the beloved apostle and eyewitness of Jesus, proclaimed that the victorious Lord would surely return to vindicate the righteous and judge the wicked. But *Revelation* is also a Book of Warning. Things were not as they should have been in the churches, so Christ called the members to commit themselves to live in righteousness.

Although **JESUS** gave this revelation of Himself to John more than 2 000 years ago, it still stands as a comfort and challenge to God's people today. We can take heart as we understand John's vision of hope. **Christ will return to rescue His people and settle**



accounts with all who defy Him.

John begins this Book by explaining how he received this revelation from God. He then records specific messages from **JESUS** to the seven churches in Asia.

Suddenly, the scene shifts as a mosaic of dramatic and majestic images bursts into view before John's eyes. This series of visions portrays the future rise of evil, culminating in the Antichrist.

Then follows John's recounting of the triumph of the King over all kings, the wedding of the Lamb, the final judgment, and the coming of the New Jerusalem. **Revelation con-**

cludes with the promise of Christ's soon return, and John breathes a prayer that has been echoed by Christians through the centuries: "Amen! Come, Lord Jesus!" (Revelation 22:20).

As you read the Book of *Revelation*, marvel with John at the wondrous panorama of God's revealed plan. Listen as Christ warns the churches, and root out any sin that blocks your relationship with Him. Be full of hope, knowing that God is in control, Christ's victory is assured, and all who trust in Him will be saved!

[*Life Application Study Bible, New Living Translation, Tyndale House Publishers Inc., Carol Stream, Illinois, 2007*.]



*O Heer,
Aan die einde van nog 'n jaar -
vir sommige gesaai met pyn
en verlies, vir ander bestrooi
met vreugdenote en warmte,
meer waarskynlik 'n bittersoet
mengsel...*

*Aan die einde bly daar
net een woord voor:
'Dankie!'
Dankie vir wat ek het,
vir wie ek het,
vir wie ek is,
en vir die hoopvolle toekoms
wat ek tegemoetgaan!*

*Dankie, O onveranderlike Heer,
vir U voetstap langs myne
deur die duine van my
woestynlewe...
Die grosheid het my geskaaf,
en sagtheid het my gepoets,
en nou bly een begeerte:
om opnuut en steeds helderder
U Beeld te weerkaats!
(c) C Venter*

WE DESPERATELY NEED YOUR HELP!!!

STATE SUBSIDY HAS
BEEN SEVERELY CUT
DUE TO COVID-19!

BY DONATING R1
(OR MORE) TO

AMELIA NASORGSENTRUM

YOU ARE PROVIDING FOOD,
SAFETY AND A HOME TO
A DISABLED PERSON

CHALLENGE:
**1 MILLION PEOPLE TO
DONATE R1.00!**

AMELIA NASORGSENTRUM
ABSA BANK
680960283
BRANCH CODE: 632005
REF: R1 CHALLENGE

A Christmas Story

Bobby was getting cold sitting in his backyard in the snow. Bobby didn't wear boots; he didn't like them and anyway, he didn't own any. The thin sneakers he wore had a few holes in them and they did a poor job of keeping out the cold.

Bobby had been in his backyard for about an hour already. And, try as he might, he could not come up with an idea for his mother's Christmas gift. He shook his head as he thought, "This is useless, even if I do come up with an idea, I don't have any money to spend."

Ever since his father had passed away three years ago, the family of five had struggled. It wasn't because his mother didn't care, or try, there just never seemed to be enough. She worked nights at the hospital, but the small wage that she was earning could only be stretched so far.

What the family lacked in money and material things, they more than made up for in love and family unity. Bobby had two older and one younger sister, who ran the household in their mother's absence. All three of his sisters had already made beautiful gifts for their mother. Somehow it just wasn't fair. Here it was Christmas Eve already, and he had nothing to give her. Wiping a tear from his eye, Bobby kicked the snow and started to walk down to the street where the shops were. (It wasn't easy being six without a father, especially when he needed a man to talk to).

Bobby walked from shop to shop, looking into each decorated window. Everything seemed so beautiful and so out of reach. It was starting to get dark and Bobby reluctantly turned to walk

home when suddenly his eyes caught the glimmer of the setting sun's rays reflecting off something along the curb. He reached down and discovered a shiny dime. Never before has anyone felt so wealthy as Bobby felt at that moment!

As he held his newly-found treasure, a warmth spread throughout his entire body and he walked into the first store he saw. His excitement quickly turned cold when salesperson after salesperson told him that he could not buy anything with only a dime.

Finally he saw a florist and went inside to wait in line. When the shop owner asked if he could help him, Bobby presented the dime and asked if he could buy one flower for his mother as a Christmas gift. The shop owner looked at Bobby and his ten cent offering. Then he put his hand on Bobby's shoulder and said, "You just wait here and I'll see what I can do for you."

As Bobby waited, he looked at the beautiful flowers and even though he was a boy, he could see why mothers and girls liked flowers. The sound of the door closing as the last customer left, jolted Bobby back to reality. All alone in the shop, Bobby began to feel forlorn and afraid.

Suddenly the shop owner came out and moved to the counter. There, before Bobby's eyes, lay twelve long-stem, red roses, with leaves of green and tiny white flowers all tied together with a big silver bow.

Bobby's heart sank as the owner picked them up and placed them gently into a long white box. "That



will be ten cents young man," the shop owner said reaching out his hand for the dime. Slowly, Bobby moved his hand to give the man his dime. Could this be true? No one else would give him a thing for his dime! Sensing the boy's reluctance, the shop owner added, "I just happened to have roses on sale for ten cents a dozen. Would you like them?"

This time Bobby did not hesitate, and when the man placed the long box into his hands, he knew it was true. Walking out the door, he heard the shopkeeper say, "Merry Christmas, son."

In the meantime, the shopkeeper's wife had come to the front and asked, "Who were you talking to back there and where are the roses you were fixing?"

Staring out the window, and blinking the tears from his eyes, he replied, "A strange thing happened to me this morning. While I was setting up things to open the shop, I thought I heard a voice telling me to set aside a

dozen of my best roses for a special gift.

"I wasn't sure at the time whether I had lost my mind or what, but I set them aside anyway. Just a few minutes ago, a little boy came into the shop and wanted to buy a flower for his mother with one small dime.

"When I looked at him, I saw myself, many years ago. I too was a poor boy with nothing to buy my mother a Christmas gift. A bearded man, whom I never knew, stopped me in the street and told me that he wanted to give me ten dollars.

"When I saw that little boy tonight, I knew Whose Voice that was, and I put together a dozen of my very best roses."

The shop owner and his wife hugged each other tightly, and as they stepped out into the bitter cold air, they somehow didn't feel cold at all!

<http://www.all-creatures.org/stories/xmasstory.html>

STAP SAAM MET GOD...

"Loof die Here, want Hy is goed, aan Sy liefde is daar geen einde nie!"(Psalm 106:1)

"Ek weet aan Wie ek my toevertrou het,
al wissel dan ook dag en nag;
Ek ken die Rots
op Wie ek gebou het,
van Wie ek al my heil verwag.
Eens aan die einde van my lewe,
sal ek, van alle sorge vry,
vir elke dag my hier gegewe
U 'n hoër, reiner loflied wy."
(Gesang 353:4)

Met hierdie gesang kan 'n mens die ou jaar uitstap en die nuwe jaar betree. Méér nog, 'n mens kan daarmee na jou sterfbed gaan en

die Ewigheid aandurf. Hier, in die laaste oomblikke van die jaar, roep ons die hele pad waarlangs God ons gelei het in herinnering. Ons dank Hom vir elke tree van die pelgrimsreis, omdat Hy ons deur elke dag liefgehad en gedra het.

Daar is baie waarvoor ons om vergifnis moet vra: kosbare tyd wat ons verkwis het, liefde wat ons weerhou het, gebede wat ons nie gebid het nie, geleenthede wat ons laat verbygaan het.

Daar is so oneindig baie waarvoor ons God kan dank: vir bewaring, genesing, ondersteuning, voorstiening. Mag ons geïnspireer



word deur die woorde van Marie-Louise Haskins:

"Ek het aan die Man by die poort 'n lig gevra vir die donker pad wat voorlê."

Hy het vir my gesê: 'Plaas jou

swak hand in die Hand van die almagtige God en stap moedig voort. Dit sal vir jou beter wees as 'n lig en veiliger as 'n bekende pad.'"

- Oorgeneem

Dirk se Geskenk

"Tien, twintig, dertig, veertig, vyftig! Nou het ek nog vyftig rand om in my spaarrekening te deponeer!" het Dirk opgewonde gedink. "Ek sal nog voor Kersfees my fiets kan koop."

Dirk was trots daarop dat hy elke sent van die geld wat hy gespaar het, self verdien het. Tant Bettie, hulle buurvrou, was altyd bly om sy hulp in die tuin te hê, en oom Koos de Beer het hom dikwels gevra om sy motor te was. Tant Bettie het gespog met haar netjiese tuin en oom Koos was net so trots op sy blink motor. Albei het hom goed vir sy werk betaal.

Vinnig het hy na die sitkamer gestap. Hy moet sy ma die goeie nuus vertel. By die deur het hy egter vasgesteek. 'n Vrou was besig om met sy ma te praat. Hy het nie bedoel om af te luister nie, maar hy kon nie help om te hoor waaroer hulle praat nie. Die dame het onder tranen vertel dat haar man in die hospitaal is, dat hulle feitlik niks in die huis het om te eet nie, en dat hulle nie Kersfees sal

kan vier nie.

"Ek is bevrees dat ek nie vir jou veel kan gee nie," het hy sy ma hoor sê. "Hier is 'n klein bydrae. Ons moet ook nou besuinig, want my man het vanjaar afgetree. Ek sal egter vir jou bid, want ek weet die Heer kan onderneem."

Dirk het gou na sy kamer gestap. Hy het mev. Wessels goed geken. Dit was sy wat nie wou toelaat dat haar seun, Jannie, saam met hom Bybelstudie bywoon nie. "Hulle sit heeldag op die skoolbanke," het sy gesê. "Ek kan nie insien waarom hulle in die aande ook nog moet 'studeer' nie."

Dirk was nog besig om daaroor na te dink toe 'n gedagte skielik by hom opkom. Wat van die geld in sy spaarrekening? Maar dis mos onsin! Hy het dan só hard gewerk om geld bymekaar te maak vir sy droomfiets! Nou was dit binne sy bereik...

Daardie aand was hy besonder stil aan tafel. Later toe hy op sy knieë was, kon hy nie bid nie. Die

woorde, "Gee, en aan julle sal gegee word," het aanhoudend deursy gedagtes gemaal. Eenkeer het Dominee in die kerk gesê dat as 'n gedagte na jou kom en jy nie seker is of dit reg is nie, toets dit aan die Woord van God. Bid daaroor. As dit van God is, sal die begeerte al sterker word. So nie, sal jy daarvan vergeet.

Toe Dirk die volgendeoggend wakker word, het hy geweet wat hy gaan doen. As Jesus hom vra om 'n offer te bring, sal hy dit met 'n blymoedige hart doen, want God het so baie vir hom gedoen en gegee.

Daar was groot vreugde in sy hart toe hy omtrent al die geld uit sy spaarrekening onttrek. Met drukskrif het hy op 'n vel papier geskryf: "Van iemand wat Jesus liefhet," en dit saam met die geld in 'n koevert gesit.

Die volgende dag is Dirk weg om vir twee weke by sy ouma te gaan kuier. Toe hy terugkom, het daar baie verrassings op hom gewag! "Anton het sy fiets vir jou

gebring," was sy moeder se woord nadat sy hom gegroet het. "Sy ouers het vir hom 'n motorfiets gekoop, aangesien hy aastaande jaar universiteit toe moet gaan. Soos jy weet is die fiets nog feitlik splinternuut en lyk net soos die een wat jy so graag wil hê."

"Mev. Wessels en al die kinders gaan nou kerk toe. Mnr. Wessels is gesond en weer by die werk. Die firma vir wie hy werk, het al die hospitaalkoste betaal. Dit het mev. Wessels só geraak, dat sy die Here Jesus aangeneem het, en sy begeer om Hom te dien. En weet jy wat, iemand het geld in haar posbus gesit met die woorde, 'Van iemand wat Jesus liefhet.'

"Daardie vel papier bewaar sy in haar Bybel, want sy sê dit was die eerste bewys dat God haar liefhet en vir haar omgee." Nog nooit het Dirk 'n Kersdag so geniet nie! Hy het gevoel dat hy saam met die wyse manne sy skatte aan die voete van die Here Jesus neergelê het!

- Oorgeneem

GOD'S CHRISTMAS REUNION

The brand new pastor and his wife, newly assigned to their first ministry to reopen a church in urban Brooklyn, arrived in early October - excited about their opportunities.

When they saw their church building, it was very run down and needed much work. They set a goal to have everything done in time to have their first service on Christmas Eve. They worked hard, repairing pews, plastering walls, painting, etc. and on 18 December were ahead of schedule and just about finished.

On 19 December a terrible tempest - a driving rainstorm - hit the area and lasted for two days. On the 21st the pastor went over to the church. His heart sunk when he saw that the roof had leaked, causing a large area of plaster about 6 feet by 8 feet to fall off the front wall of the sanctuary just behind the pulpit, beginning about head high.

The pastor cleaned the mess on the floor, and not knowing what to do else but postpone the Christmas Eve service, headed home.

On the way he noticed that a local

business was having a flea market-type sale for charity. He stopped. One of the items was a beautiful, exquisite, handmade, ivory-coloured, crocheted tablecloth, fine colours and a cross embroidered right in the centre. It was just the right size to cover up the hole in the front wall. He bought it and headed back to the church.

By this time it had started to snow. An older woman running from the opposite direction was trying to catch the bus. She missed it. The pastor invited her to wait in the warm church for the next bus that would come 45 minutes later.

She sat in a pew and paid no attention to the pastor while he got a ladder, hangers, etc., to put up the tablecloth as a wall tapestry. The pastor could hardly believe how beautiful it looked and it covered up the entire problem area! Then he noticed the woman walking down the centre aisle. Her face was white like a sheet.

"Pastor," she asked, "Where did you get that tablecloth?" The pastor explained. The woman asked him to check the lower right

corner to see if the initials EBG were crocheted into it there. They were. These were the initials of this same woman, and she had made this tablecloth 35 years before, in Austria.

The woman could hardly believe it as the pastor told how he had just acquired the tablecloth. The woman explained that before World War II, she and her husband were well-to-do people in Austria. When the Nazis came, she was forced to leave. Her husband was going to follow her the next week. She was captured, sent to prison and never saw her husband or her home again. The pastor wanted to give her the tablecloth, but she made the pastor keep it for the church. The pastor then insisted on driving her home. That was the least he could do. She lived on the other side of Staten Island and was only in Brooklyn for the day for a house-cleaning job.

What a wonderful service they had on Christmas Eve! The church was almost full. The music and the atmosphere were great. At the end of the service, the pastor and his wife greeted everyone at the door and many said that they would return. One elderly man,

